LARRIES Nuus News

Posbus /PO Box 171
Tzaneen
0850

E-pos / E-mail: lstzn@mweb.co.za
Webwerf / Website: http://www.laerskooltzaneen.com
Tel. 015 307 3601/2
Faks/Fax: 015 307 4656

UIT DIE HOOF SE PEN:

- Inleidend: Die eerste weeklikse nuusbrief van elf vir die tweede kwartaal 2019 na afloop van 'n bedrywige en aangename Maartvakansie.
- Akademie: Die leerders se vorderingsverslae vir die eerste kwartaal is op Vrydag 15 Maart uitgedeel. Leerders waaroor ons bekommerd is, het briewe saam met hul rapporte ontvang sodat ouers hul vordering met onderwysers kan kom bespreek op Woensdag 17 April tydens die kwartaallikse oueraand (17:00 tot 18:30). Die nuwe stelsel van Akademiese Spanne op grond van die eerste kwartaal se topgemiddeldes in Graad 4 tot 7 sal tydens aanstaande Dinsdag (9 April) se saalopening aangekondig word. Einde 2018 se ou stelsel van Top 10-kandidate vertrek aanstaande Sondag (14 April) tot Dinsdag 16 April) op hul welverdiende opvoedkundige uitstappie na Johannesburg, Pretoria en omgewing.
  Enkele noodsaaklike personeel- en vakverskuiwings is einde verlede kwartaal deur die skoolbestuur geïdentifiseer en sal die leerders in Graad 4 tot 7 vanaf eerskomende Maandag 'n nuwe daaglikse rooster begin volg (steeds na deeglike oorweging 'n vyfdagrooster) en dus in enkele gevalle vakke by ander 'n ander onderwyser kry.
- Sport:
- Atletiek: Die ses Larrie-atlete wat in verskeie items gekwalifiseer het om aan die jaarlikse S.A.-kampioenskappe wat die laaste naweek van verlede kwartaal in Germiston plaasgevind het deel te neem, het puik prestasies behaal.
- Netbal: Daar is regdeur die vakansie oefeninge geskeduleer en afgesluit met die jaarlikse toernooi te Hoërskool Ben Vorster op die laaste Vrydag van die vakansie. Puik uitslae is behaal, maar ongelukkig moes die Saterdag se wedstryde weens die meer as welcome reën gekanselleer word. Op Woensdag is die Mopaniproewe vir onder 12- en 13's op nat bane hier tuis afgehandel en is mooi getal Larries nog betrokke by eerskomende Maandag (8 April) se Limpopoproewe te Pietersburg Hoërskool. Vanoggend agtuur is die onder 10-, 11-, 12- en 13 A-spanne reeds weg na Secunda vir môre se uitspeelwedstryde in die jaarlikse Super 12-kompetisie. Aanstaande Woensdag (10 April), vertrek dieselfde spanne na skool na Pretoria vir die finale van hierdie kompetisie te L.C. de Villiers, Universiteit van Pretoria op Donderdag (11 April).
- Rugby: Die eerste rugbyspan het tydens die vakansie by die bekende jaarlikse Glenwood-rugbyweek (Durban) sterk kompetisie getrotseer en slegs een wedstryd verloor. Die onder 9's en 10's het op Marble Hall tydens hul jaarlikse Sonsynvallei-rugbyweek ook puik wedstrydervaring opgedoen en slegs een wedstryd elk verloor, terwyl die onder 11's en tweedes die week daarna by Laerskool Witrivier se jaarlikse rugbyweek onderskeidelik slegs een uit elk van ses wedstryde gelykop en net een verloor (teen 'n eerstespan van 'n mediumskool!) afgesluit het. Soos by die netbal is die onder 9-, 10-, 11 A- en eerstespanne vanoggend reeds weg Secunda toe vir die jaarlikse Super 12-uitspeelwedstryde môre. Net die onder 9 A's sal egter reeds Woensdag (10 April) na skool na die finale te TUKS vertrek en die res vroegoggend op Donderdag (11 April).
- Hokkie: Die Limpopo onder 12- seuns en dogters oefen aanstaande Vrydag (12 April) te Unicorn en die onder 13's op Saterdag (13 April) te Pietersburg.
- Swem: Van die top Larrieswemmers is tans op provinsiale vlak aan't swemme. Uitslae volg binnekort.
- Kultuur:
- Skaak: Die hervatting van Woensdagmiddae se oefeninge sal binnekort gekommunikeer word.
- Kore: Die jaarlikse Super 12-fees lê net om die draai en behalwe twee geskeduleerde oefeninge per week gedurende skoolure, is daar 'n langmiddagoefening tot 16:00 aanstaande Vrydag (12 April).

Volg ons op
Follow us on
Laerskool T /

KFC ondersteun die Larries
KFC supports the Larries
sogood

- Finansies:
- Skoolgelde: Verseker dat u skoolgeldverpligtinge (skoolfonds, adminfooi, naskoolsentrum- en koshuisgelde) getrou op datum gehou word ten einde die verleentheid van swartlysting en/of oorhandiging aan die skool se skuldinvorderingsprokureurs te verhoed. Kom tref gerus reëlings in hierdie verband voordat dit te laat en die verskuldigde bedrag buitensporig is.
  - Algemeen:
  - Sluitkaste: Die toekenning per nommer van belangstellende ouers wat reeds betaal het, neem aanstaande week 'n aanvang (eers betaal, dan betrek!). 'n Eie slot (die Larriewinkel sal voorraad bekom) met gemerkte duplikaatsleutel vir berging in die kluis sal 'n vereiste wees.
  - Die "Ink": Weens die uiters kort vorige kwartaal en 'n vaste jaarlikse reëling met die drukkers, sal dit eers aanstaande week beskikbaar wees.
  - Kwartaalprogram: Die baie bedrywige program vir hierdie kwartaal vergesel hierdie nuusbrief vir ouers se beplanning en gerief en sal ook op die skool se sosiale media beskikbaar wees.

- *Introductory: The first weekly newsletter of eleven for the second term of 2019 after a busy and enjoyable March vacation.*
- *Academics: The progress reports of all learners for the first term were handed out on Friday 15 March. Learners with reasons for concern received letters included in order for parents to discuss their progress with teachers during the quarterly parents evening on Wednesday 17 April (17:00 till 18:30). The new system of Academic Teams on grounds of the top averages for the first term in Grades 4 to 7 will be announced during the hall assembly on this coming Tuesday (9 April). Achievers according to the old system of Top 10 Achievers at the end of 2018 will depart for their educational excursion to Johannesburg, Pretoria and surrounds on next Sunday (14 April) until Tuesday (16 April). A few essential staff and subject changes were identified by school management towards the end of last term and will the learners as from this coming Monday start to follow a new daily timetable (still a five day roster) and thus have different teachers for subjects in limited cases.*
- *Sport:*
- *Athletics: The six Larrie athletes who qualified in various events to participate at the S.A. Championships in Germiston at the end of last term, did us proud with excellent results.*
- *Netball: Practices continued right through the holidays and were concluded with the annual tournament at Ben Vorster High School on the last Friday of the holidays. Good results were obtained, but the scheduled matches for Saturday had to be cancelled due to the more than welcome rains that came down. On Wednesday the Mopani trials for under 12 and 13's were concluded here at home on wet courts with still a large numbers of Larries progressing to the Limpopo trials at Pietersburg Hoërskool on this coming Monday (8 April). This morning at 08:00 the under 10, 11, 12 and 13 A's departed for Secunda for the annual Super 12 play-offs there tomorrow. On next Wednesday (10 April) the same teams will leave for Pretoria for the Super 12 finals at L.C. de Villiers Sports Grounds, University of Pretoria on Thursday (11 April).*
- *Rugby: The first rugby team lost only match at the prestigious Glenwood Rugby Week in Durban which they attended at the beginning of the holidays. The under 9's and 10's who attended the annual Sunshine Valley Rugby Week at Marble Hall during the first week gained valuable match experience and lost only one match each, while the under 11's and second teams at the White River Rugby Week in the second week respectively drew only one match out of six and lost only one (against the first team of a medium school!). As with the netball the under 9, 10, 11 and first teams left for the Super 12 play-offs at Secunda tomorrow. However, only the under 9's will leave for Pretoria after school on next Wednesday (10 April) for the finals at TUKs on Thursday, the other teams departing in the early morning hours of Thursday (11 April).*
- *Hockey: The Limpopo under 12 boys and girls teams will have a practice at Unicorn on next Friday (12 April) and the under 13's at Polokwane on Saturday (13 April).*
- *Swimming: Some of the top Larrie swimmers are competing on provincial level currently. Results will follow in due course.*
- *Culture:*
- *Chess: The continuation of Wednesday afternoon practice sessions will be communicated shortly.*

Volg ons op
Follow us on
Laerskool T /

KFC ondersteun die Larries
KFC supports the Larries
sogood

- *Choirs: The annual Super 12 festival is just around the corner and although practices are scheduled during school hours twice a week, a long afternoon session is scheduled until 16:00 on next Friday afternoon (12 April).*
- *Finances:*
- *School fees: Ensure that your obligations in this regard are a priority and kept up to date (admin fees, school fees, hostel fees and after school care centre fees) to prevent blacklisting and/or being handed over to the school's debt collectors. Please come and discuss arrangements in order to prevent it turning too late and the outstanding amount unaffordable.*
- *General:*
- *Lockers: The allocation as per number for interested parents who already paid, starts as from next week (first pay, then utilise!). An own lock (the Larries Shop will obtain stock) and a tagged duplicate key for storage in the school's safe will be compulsory.*
- *The "Ink": Due to the very short previous term and a set annual date with the printers, it will only be available as from next week.*
- *Term programme: The very busy term programme for this term accompanies this newsletter for the comfort and planning of parents and will also be posted on the social media of the school.*

(VIC RIJNEN: HOOF / *PRINCIPAL*)

NETBALL

Tydens die Mopani proewe wat op 3 April by ons skool aangebied is is die volgende dogters vir die onderskeie Mopani-spanne gekies:

U/12	**U/13**
Elné Haynes	Zilmari van Rooyen
Rifumo Twala	Larike Joubert
Kristi de Jager	Latricia Muchabi
Dimpho Ramathwala	Dimpho Mametja
Jané Auret	Rendani Mamorobela
Michaela Manakira	Mmakoma Malatji
	Megan-Lee Mans

Congratulations to these girls we are so proud of you. Good luck for the Limpopo trials on Monday April 8th, at PHS.

Môre neem ons deel aan die groepwedstryde te Laerskool Goedehoop, Secunda. Baie sterkte aan die spanne wat daar in aksie gaan wees. Ons hou styf duimvas vir goeie uitslae. On Thursday, 04 April 2019 the semi- and finals of the Super 12 competition take place at TUKS. We looking forward to see good results from these teams.